# Week 2

# Bid vir die Kerk

## Geheuevers:

*Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.*

*Efesiërs 1:16(b)-17)*

# PERSOONLIKE STUDIE

## Lees Efesiërs 1:15-23

### INLEIDENDE OPMERKINGS:

Soms kan gebed moeilik wees, en soms neem die vloei van gebed oor. Dit kan moeilik wees om te bid vir diegene oor wie ons diep bekommerd is wanneer ons verward is oor hul behoeftes en wat die beste vir hulle kan wees. Maar dit kan ook baie natuurlik voel om vir diegene wat ons liefhet te bid terwyl ons hulle voor God bring.

Efesiërs 1:15-23 is een van die langer gebedsgedeeltes in Paulus se briewe. Sy gebed vir die Efesiërs loop oor van lofprysing en danksegging, aangesien dit 'n kerk was wat hom na aan die hart gelê het.

Paulus bid in die lig van God se uiteindelike plan en die werk van die Drie-enige God. Sy gebed sluit nie onbenullige versoeke in nie, maar hy bid dat die gelowiges tot 'n dieper begrip van God se verlossingsplan en hul plek in God se plan sal kom.

**STUDIEVRAE:**

Lees Efesiërs 1:15-16. Watter kenmerk(e) van die Efesiërs het Paulus aangespoor om dankbaar te wees? Wat sê dit omtrent Paulus as hy sê dat hy "nie opgehou het om God vir julle te dank nie"?

…………………………………………………………………

…………………………………………………………………

Lees Efesiërs 1:17-19. Gebruik jou eie woorde en som die drie dinge waarvoor Paulus in hierdie verse bid op.

| | |
|---|---|
| Vers 17 | |
| Vers 18 | |
| Vers 19 | |

Wie sal in ons aan die werk moet wees as ons "God beter wil ken"? (Verwys na vers 17)

………………………………………………………………….

………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 1:20. Vers 20 praat oor die grootste magsvertoon wat die wêreld nog ooit gesien het. Wat het gebeur, en hoekom moet ons opgewonde wees oor hierdie krag?

…………………………………………………………….

…………………………………………………………….

Waarom is dit belangrik dat Paulus vir die Efesiërs bid om God se krag te "ken", eerder as om hierdie krag te "ontvang"? (Verwys na vers 19.)

…………………………………………………………….

…………………………………………………………….

Lees Efesiërs 1:21-23. Watter gesag het Jesus nou?

…………………………………………………………….

…………………………………………………………….

Hoe is die kerk, die liggaam van gelowiges, volgens verse 22-23 sentraal tot God se planne vir die heelal?

…………………………………………………………….

…………………………………………………………….

Watter rol speel die kerk in jou lewe?

…………………………………………………………….

…………………………………………………………….

Hoe brei verse 20-23 uit op Paulus se bespreking van Christus se hoofskap wat in verse 9-10 begin het?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Iemand het gesê: "Die doel van gebed is nie om God in te lig oor ons behoeftes nie, maar om Hom uit te nooi om ons lewens te regeer." Stem jy saam of verskil jy?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Stem Paulus se gebed vir die Efesiërs ooreen met hierdie stelling?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Hoe vergelyk jou gebede vir Christenvriende met Paulus se gebed vir sy vriende? Wat moet dalk verander?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Lees 2 Tessalonisense 1:1-12. Wat leer jy uit hierdie verse oor om vir ander te bid?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Hoe help hierdie verse jou met jou eie gebedslewe?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

**SLOTOPMERKINGS:**

John MacArthur skryf die volgende in sy boek, Our inmeasurable blessings in Christ: "*For Christians, prayer is like breathing. You don't have to think to breath, because the atmosphere exerts pressure on your lungs and forces you to breathe. That's why it is more difficult to hold your breath than it is to breathe. Similarly, when you are born into the family of God, you enter into a spiritual atmosphere wherein God's presence and grace exert pressure, or influence, on your life. Prayer is the normal response to that pressure. As believers we have all entered the divine atmosphere to breathe the air of prayer. Only then can we survive in the darkness of the world…*

*The fact is, every believer must be continually in the presence of God, constantly breathing in His truths, to be fully functional. God's deeper truths cannot be seen with our eyes, heard with our ears, or comprehended by our reason or intuition. They are only revealed to those who*

*love Him."* En dit is die rede waarom gebed so belangrik is.

Paulus het gebid dat alle gelowiges 'n vars gawe van wysheid sal kry, om die dinge te kan sien wat mense normaalweg nie sien nie, om 'n dieper begrip van God se verlossingsplan en hul plek in God se plan te hê. Dit kan nie bereik word sonder dat gelowiges tyd in gebed deurbring nie. Dit kan slegs bereik word deur vir mekaar en die kerk in te tree.

Voorbidding is per definisie 'n gebed vir wat iemand anders nodig het. Die meeste Christene verstaan nie die beginsels van 'n gebed van voorbidding (intersessie) nie, want hulle is baie meer daarop ingestel om te kry wat hulle wil hê. Die basis van voorbidding word gevind in die volgende beginsels:

- Die meerdere tree in vir die mindere. Ons is diegene wat naby God is en daarom die meerdere is – daarom moet ons vir ander intree (bid).
- Diegene wat vir ander intree, moet weet wie God is. Ons moet Hom sien as God, die Vader, die skepper en heerser van alle dinge. As ons Hom nie so sien nie, bid ons tot die verkeerde God.
- Voorbidding hang nie af van hoe belangrik jy is, hoe prominent jy in die kerk is nie. Dit hang af van wie jy ken – van die God wat jy dien.

Paulus se gebed in Efesiërs 1:15-23 herinner die Efesiërs aan die wysheid, krag en heerlikheid van God wat geboorte gee aan hulle nuwe bestaan, 'n bestaan wat gewortel is in die een wie se lyding en dood die wêreld versoen het. Dit is 'n gebed dat hulle geloofslewe wat aktief in liefde gevestig is gevorm sal word deur hierdie wysheid en oorskrydende krag van God. Dit is Paulus se gebed. Is dit ook joune?

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.*

*Efesiërs 1:16(b)-17 (NAV)*

## Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Efesiërs 1:15-23

## BESPREKINGS VRAE

Wanneer jy vir Christenvriende of familielede bid, watter soort dinge is jy geneig om voor te bid? Bespreek in die groep.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Lees Efesiërs 1:17-19. Gebruik jou eie woorde en som die dinge waarvoor Paulus in elk van hierdie verse bid, op. Bespreek dit in die groep.

| | |
|---|---|
| Vers 17 | |
| Vers 18 | |
| Vers 19 | |

In vers 18 leer Paulus ons om nie te bid dat ons omstandighede verander word nie, maar dat ons hart se siening van ons omstandighede verander word. Hoekom

vind ons dit moeilik? Wat sou verander as ons die lewe op hierdie manier sien? Bespreek dit in die groep.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Efesiërs 1:20. Vers 20 praat van die grootste magsvertoon wat die wêreld nog ooit gesien het. Wat het gebeur, en hoekom moet ons opgewonde wees oor hierdie krag? Hoe beïnvloed dit jou lewe? Bespreek

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Lees Efesiërs 1:21-23. Hoe is die kerk, die liggaam van gelowiges, sentraal tot God se plan vir die heelal? Watter rol speel die kerk in jou lewe? Bespreek in die groep.

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

Neem tyd om vir mekaar in die groep te bid. Wees duidelik oor wat jy wil hê God moet verander.

**Sluit af met gebed**